Noordelike Sinode
Begroting

Die huidige begroting maak vir die onderstaande behoeftes voorsiening. Uit elke rand wat ‘n gemeente vir gesamentlike werk gee, word:

- 13 sent gebruik om gespesialiseerde maatskaplike aandag te gee aan 20 000 kinders, 1 500 bejaardes, 800 gesinne en 550 mense met afhanklikheid;
- 14 sent aan jeugwerk gespandeer;
- 06 sent gebruik om gemeentes te help wat om een of ander rede nie finansieël die mas kan opkom nie (bv. droogte, sosio-ekonomiese omstandighede en demografie);
- 04 sent gebruik om 160 000 kinders van Limpopo in 340 swart skole geestelik te versorg en te help dat daar in 64 VGK-gemeentes gereeld eredienste plaasvind;
- 05 sent gebruik vir die teologiese opleiding van predikante;
- 03 sent gebruik vir die geestelike versorging van dowes;
- 07 sent gebruik vir teologiese, etiese en praktiese leiding oor sake soos missionaliteit, leierskap, jeug, armoede, onderwys, rentmeesterskap en ekonomie;
- 03 sent gebruik vir familiebyeenkomste (bv. sinodesittings en SDR-vergaderings);
- 18 sent gebruik vir die mediese versorging van predikante wat voor 2008 afgetree het;
- 26 sent gebruik om ons familiesake vlot te laat verloop (bv. administrasie van die Sinode, versorging van predikante);
- 01 sent gebruik om aan diverse bedieningsbehoeftes aandag te gee (bv. bediening in Mosambiek, bediening onder Indiërs en hospitaalbearbeiding).